

# Het jy 'n roeping?

<http://dieweg.co.za/mobi/boodskappe/diewegmobielboodskap700.html>

---

## Net 'n kort opmerking:

Uit die kommentare wat ons ontvang blyk dit dat daar baie mense is wat die term "kerk" verkeerd verstaan. In die meeste gevalle word "kerk" óf as 'n gebou gesien, óf as 'n groep mense wat op 'n bepaalde tyd en plek bymekaar kom om hul godsdiens te beoefen. Die vraag wat baie keer gevra word is: "Aan watter kerk behoort jy?". Alhoewel dit alledaags is, is dit nogtans nie korrek nie. Daar is maar één Kerk. Dit is die gemeenskap van alle gelowiges. Die OAV praat van die gemeente, die NAV praat van die kerk, as liggaam van Christus (Kol 1:18). Christus is hoof van Sy Kerk, nie die pous of enige ander mens nie - LdP.

---

*"Soek eers die koninkryk van God, en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word"* (Mat 6:33).

Wat is die verskil tussen beroep, ideaal en roeping, en wat is jou roeping in hierdie wêreld? Elke mens het immers ideale. Elke mens behoort ook getrou sy beroep te beoefen, om te sorg vir sy lewensonderhoud en dié van sy afhanklikes. Kan jou beroep ook jou roeping wees? Is jou ideale ook God se roeping vir jou lewe?

Elke goeie idee in jou kop is sekerlik nie verkeerd nie. Die vraag is egter of dit ook God se idéé vir jou lewe is. Die mens beoefen sy beroep vir sy inkomste om van te lewe. Terwyl dit natuurlik ook God se opdrag is om te werk, sal dit egter om méér as dit moet gaan. Die vraag sal gevra moet word: Hoe kan ek die roeping van die Here in en deur my beroep uitvoer?

Elke mens wat dus in 'n bepaalde beroep staan, moet steeds vra: *"Maar hoekom is ek hier en hoe kan die Here my gebruik in die uitvoering van die roeping van sy kerk"*. En as ons dit werklik biddend doen, dan kan ons ook verwag dat die Here in en deur ons Sy doel sal bereik.

As ons egter net met ons idees wil werk, en God se roeping om vir Hom te leef en te getuig buite rekening laat, dan gaan dit nie meer werklik om die Here en sy koninkryk nie. In jou ideale en jou beroep gaan dit dus om meer as net die tydelike. Jou roeping daarin is om eenvoudig te vra na Sy doel en plan en dit na te streef. Hou dan die teks voor oë waar Jesus ons leer: *"Soek eers die koninkryk van God, en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word"* (Mat 6:33).

Met jou goeie idees moet **jy** dit laat werk. Met God se roeping en visie vir ons lewe moet jy maar net werk en God sal dit laat werk! Die groot roeping van die kerk is immers om die evangelie te verkondig. Die groot opdrag is om die evangelie na al die nasies toe te bring! (Mat 28:19). As jy in jou beroep die Here vra om jou

geleenthede daartoe te gee en jy dit gebruik om van Hom te getuig, sal Hy jou die krag, die wysheid en die nodige middele gee. Dan kan ons ons fokus meer stel op dít wat ons moet doen en nie te veel bekommer oor hoe ons iets gaan regkry nie.

As dit by jou roeping kom, dan hoef jy jou nie te veel te bekommer oor hoe jy sal slaag nie. Die goddelike roeping is immers "*beperk*" tot God se onbeperkte potensiaal! God vra van ons net gehoorsaamheid en beskikbaarheid. Hy sal vir ons die pad wys en sukses gee soos Hy dit wil. As ons aan ons roeping getrou is, dan is enigiets eintlik moontlik!

Jou ideale en jou beroep is dus geleenthede om aan God se roeping vir sy kerk gehoorsaam te wees!

*Ds M van Helden*